# Hoofstuk van die dag: 2 Korintiërs 9

> *Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief. (2 Kor 9:7)*

’n Diaken vertel dat hy op sy besoeke om dankoffers in te

samel, by ’n lidmaat gekom het wat glad nie lus was vir hom nie. Hy het sy bydrae sommer so oor die tafel na die diaken geskiet met die woorde: “Dé, vat jou geld en maak dat jy wegkom!” Die diaken was natuurlik onthuts. Hy vertel dat hy die geld net so vir die lidmaat teruggeskiet het, en gesê het: “As dít jou dankoffer aan die Here is vir wat Hy elke dag vir jou doen, wil ek dit nie hê nie.” Hy het net daar omgedraai en die huis verlaat. Toe hy ná sy besoeke laat die aand by sy huis aankom, staan die lidmaat hom en inwag met trane in sy oë, ’n ordentlike dankoffer in die hand. Hy het nooit besef dat sy maandelikse bydrae sy dankbaarheid teenoor die Here weerspieël nie, het hy bely.

Jou maandelikse bydrae vir die werksaamhede van die kerk behoort nie onnadenkend of afknyp te wees nie. Dis immers vir God, nie vir die kerk nie, wat jy daarmee dankie sê.



© Bybelkoerant 2018 – 2026